

# Be who you are called to be. Be the change.

NPOS
be the change

**Contact**
Annemarie
082 9370 422
annamarielegrange@gmail.com

Theresa
082 4940 929
nposvoedingskema@gmail.com

nposvoedingskema.com

# NOORDELIKE PRETORIA ONTWIKKELING SKEMA

## Junie Maand Nuusbrief 2022

Hiermee begin ons hierdie nuusbrief met ‘n **HARTLIKE DANKIE** aan elke persoon betrokke tot hierdie organisasie. Elke dag is ‘n geseënde dag met omgee harte en ondersteuning. Ons Hemelse Vader sorg elke dag vir hierdie organisasie deur warm harte sodat elke gesin verseker is van hulp wat verleen kan word met hulp voedsel en nodige benodighede.  Dankie vir elkeen se vertroue, vriendelikheid, skenkings, finansiële hulp, dit word opreg waardeer.

### HULP KOSPAKKIE EN ETES

Noordelike Pretoria Ontwikkeling Skema het die afgelope tyd so gegroei.

**Gesinne** tans ingeskakel is **64**. Dit sluit die **eenmalige** hulp **uit**.  Die persone wat **dakloos** is wissel tussen **100-105 wegneem broodjies of warm sop per maand**.  Hulle ontvang Dinsdae-Donderdae broodjies of warm sop vir die dag.  Die gesinne wat ingeskakel is ontvang een keer per maand hulle kospakkie met gevriesde groente en ‘n **kerkdiens** gelei deur **Pastoor Mornè Lotter van Hoop en Lewe gemeente.**  **Annemarie** maak seker dat alle **kospakkies voldoende is** aan elke gesin en **hanteer die registrasies** van gesinne.  Indien daar **enige hulp op ander maniere** benodig word, maak Annemarie seker dat hulle gehelp word, dus **baie oproepe en na-ure se aandag** wat aan gesinne gebied word.  Annemarie stap al vir jare lank ‘n baie spesiale pad saam van hierdie persone en ken elkeen se behoefte.  Dus het hulle altyd die vertroue om enige tyd vrymoedig met haar te kan gesels en weet dat dit vertroulik hanteer word.  Met baie hartseer is daar paar persone wat ernstig siek geword het en oorlede is of hartseer gedagtes van geweld en kinders is agtergelaat waar ouma hul alleen versorg slegs met sassa toelae.

## DAMES PROJEK

Die dames geniet die **naaldwerk projek** baie.  Hulle kuier saam en geniet dit om hul vaardighede te verbreër.  Die dames het die afgelope 2 maande geleer om onderklere te maak, handsakkies, voorskote, kussingslope en geweefte matte met die hulp van **Magda Perkins**. Ons naaldwerk masjiene is gediens en elke dame het 'n masjien om op te werk. Baie prêt.

Die dae wanneer dit so koud was het hulle in die sonkamer gewerk maar dit raak nou te klein en sal binnekort buite onder die afdak werk vir genoeg spasie. Hulle ontvang warm koffie en iets te ete.

## KERKDIENS

Daar is 2 uitgesoekte datums gegee aan gesinne vir die ontvang van kospakkies waar hulle die kerkdiens moet bywoon.  Daar is van die gesinne wat werk wat nie op hierdie datums kan kom kos afhaal nie en word dan gehelp wanneer hulle aanklop. Daar word ook geleentheid gebied aan elke persoon vir gebed na die diens.

## ETES/SKENKING/NUUSBRIEWE

Theresa maak en hanteer etes wat uitgaan aan persone en gesinne.

Daar word seker gemaak dat elke gesin en elke persoon wat aanklop vir hulp 'n ete ontvang.  Skenkings word ontvang en uitgesorteer en gepak in binne klere kamer. Pakkies word gepak vir persone met hul benodighede. Nuusbriewe en bemarking word gedoen.

Maximum sekuriteit bied NPOS n gratis diens en maak seker dat die personeel se veiligheid eerste kom. Baie dankie aan hulle.

**BUITE VERKOOP WINKEL**

Magda hanteer die buite verkoop winkel waar die klere wat nie gebruik kan word vir persone nie, verkoop word vir fondsinsameling wat dien vir kosaankope.

TAKE WORD VERDEEL SOOS NODIG EN ONS WERK AS 'N SPAN.

Daar waar 'n persoon nodig is vul ons mekaar aan.

**BEJAARDE PERSONE/GESTREMDE PERSONE.**

Daar word ekstra hulp verleen aan bejaarde persone wat hulp benodig en gestremde persone wat nie kan werk of enige ander inkomste kan verdien nie.

**NAWEKE**

Daar is die afgelope tyd op Saterdae oggende tyd gemaak om 2 gesinne te help wat woonagtig is op Petronella plotte wat vir jare lank deel was van Noordelike Pretoria Ontwikkeling Skema wat selfsorgend is om hulle te help met die nodige hulp om hulle omstandighede net nog bietjie meer te verlig. Hulle is regtig 'n groot inspirasie en 'n sukses verhaal. Dit is vir ons lekker om te gaan kuier en hulle is al familie. Hulle het altyd iets interressants om te deel en verbeter hulle woonplek elke keer wanneer ons vir hulle gaan kuier. Hulle kan so trots wees op hulle self en doen alles in hul vermoë om selfsorgend te funksioneer. Dit is altyd so lekker

om die verskil te sien en leer baie by hulle. Daar is plastiek houers ingesamel waar die kinders hulle klere kan inpak. Skoene is ingesamel vir 'n seun wat nie skoene gehad het nie, en bederfies vir die kinders.

Warm kombêrse is ook ontvang. Die dame maak die pragtigste stelletjies wat sy brei en verkoop vir inkomste. Wol is ook ingesamel en vir haar geneem **Spog werk!** Stelletjies is gekoop deur 'n persoon en so word sy finansieël ondersteun. Mornè het vir hulle hoenders geneem met al die benodighede. Baie opgewonde word die hoenders in hulle nuwe hok geplaas. 'n Beplanning is uiteengesit stap vir stap is verduidelik van waar die hoenders loop sodat die grond vrugbaar is vir groente Die hok word elke week verskuif hoenders lè eiers en dus is daar 'n nuttige voordeel van hierdie projek.

<u>INSAMELING BY NG FLORANDIA EN FLORAUNA GEMEENTE</u>

Julie maand wil ons graag blikkies kos insamel by die kerke. Indien elke persoon slegs 1 blikkie skenk kan die gesinne verseker wees van hulp pakkies. Saam maak ons 'n groot verskil. Enige skenking van blikkies kos, klere, huishoudelike benodighede, projek items is op aanvraag asseblief omrede die tye van vandag nie so maklik is nie is die skenkings baie min.

Enige finansiële hulp word baie waardeer omrede daar nodige uitgawes is soos huur, water en ligte asook kosaankope om hierdie projek aan die gang te hou en dus suksesvol te bestuur. **BAIE DANKIE AAN ELKE PERSOON WAT BETROKKE IS OP 'N MANIER BY NPOS. DIT WORD OPREG WAARDEER. Hoop en Lewe Gemeente is ook betrokke by NPOS.**



***HIERMEE FOTO'S AANGEHEG.***

























My moeg is in my moeg sjoe dankie vir Al die kuiers Theresa en Theuns en Morne en vrou en jul kids Johanna en Stofe en kids my daggie was oorlopend en verrassing lief jul almal 🥰🥰🥰🙏

Jou omstandighede kan jou buig,
Maar nooit breek nie,
Want My Krag dra jou,
My Mag hou jou staande,
My Oog sien jou nood en probleme,
...My Oor hoor jou hulpgeroep, My Woord en Gees bemoedig en vertroos jou,
My genade ondersteun jou.
My kind, jy is nooit alleen nie, want EK is by jou!🙏🙏🙏

Trots op jou my man werk van vroeg tot laat elke dag binnekort is als net perfek soos ons Wil he baie trots op ons erf




www.nposvoedingskema.com

Annemarie le Grange annamarielegrange@gmail.com Projek Bestuur

Theresa Swanepoel nposvoedingskema@gmail.com Sekretaresse

Dinsdae-Donderdae 8h00-12h00 Eeufees straat 381 Pretoria Noord



NPOS
be the change

# Humanitarian need manifests in many forms.

The very human and life existence of those affected by unemployment, disabilities, disease and family catastrophes are in the hands of those few privileged individuals whose hearts have been touched with a true compassion for others.

> **Are you one those who have been sought out by a higher force to feel the pain of others with the gift of compassion to act on that feeling in your heart?**

If you are one of these special people, NPOS can be the channel through which you alleviate the misery of a human friend.

NPOS, with a proud legacy of over 30 years, has been feeding the destitute and developing their skills to become self-sufficient, with a total of over 100 families that need your help.

**Adopt-a-family** is an NPOS programme whereby you could guarantee a regular monthly donation to feed a specific family. Monthly debit orders can start with as little as R100 per month, and you will be updated regularly on your adopted family's wellbeing.

Should this message have struck a chord with you, please email Theresa at **nposvoedingskema@gmail.com** for more information, or simply make your donation into the following account:

Absa
Cheque account 060174385
Pretoria North

**NPOS is indeed an oasis where the deprived come to find nourishment.**

nposvoedingskema.com